**DONDERDAG 9 JULIE**

**SKRIFGEDEELTE: LEES: LUKAS 3:21-4:13**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 3:23B**

**Josek – Jesus Christus die band tussen mense en God**

*“Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My.”* Direk hierna vind ons die geslagsregister van Jesus. Dit is nie om dowe neute nie. Nie verniet dat ons juis hier die geslagsregister vind nie. Direk nadat Jesus se Goddelikheid en sy Goddelike afkoms deur sy hemelse Vader self bevestig is, word sy menslike afkoms ook vir ons onderstreep.

Lukas gebruik Jesus se geslagsregister om vir ons te wys op sy besondere verhouding met God en die mens. Dit is hoekom Lukas se weergawe van die register verskil van dié van Matteus. Matteus het by Abraham begin en by Jesus geëindig.

Lukas keer nie net die orde om deur by Jesus te begin nie, hy voer terug tot by Adam. Dit dui daarop dat Jesus in ’n besondere verhouding tot die hele mensheid staan en nie net tot Israel nie. Dit wys vir ons dat Hy volledig met ons identifiseer, maar ook met God, ons hemelse Vader.

Hierdie verhouding van Jesus ten opsigte van God en die mensdom, is van kardinale belang vir sy taak as Verlosser. Hy moet ware God en ware mens wees. Dit is Wie Jesus is, ware God en ware mens. Hy staan in die middel: Hy is die Middelaar.

Dit is hoekom Lukas Jesus se geslagsregister met ’n klomp vreemde name soos dié van Josek in sy vertelling opgeneem het – om daarmee vir ons te wys wat Jesus se verhouding tot God sowel as tot ons is. Hy is die brug tussen ons en God! Daarom is daar by God geen onbekende naam nie.

*Sing: Psalm 102:8 (1936)*
*Ds. MJ (Thys) Erasmus (Nelspruit)*